Ons is baie dankbaar teenoor die Here dat 10 jong gelowiges vandag die geleentheid kry om in die openbaar hulle geloof in God te bely. Ons is saam met hulle, hulle ouers en familie werklik opgewonde oor die werk wat God in hulle lewens doen en dat Hy hulle tot hier toe gelei het.
Baie welkom aan vriende en familie wat vandag saam met hulle hier is.
Tema: Ware geloof is ook ‘n bewustelike keuse vir God wat verseker deur die wêreld getoets word maar net so seker deur God bewaar word.

Lofsang met die oog op die erediens
Ps 105-1: 1, 2, 5
Lied 464: 1, 3, 4;

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 163:1
Votum: [9]Hoe kan ’n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!
[10]Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van u gebooie nie. [11]Aan u beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U.

Seën – Open 1
Loflied Ps 89-2: 1, 8, 9
Geloofsbelydenis: Sing Sb 12-3: 1, 2;

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Lukas 10: 25 – 37
Sing Lied 510: 1, 2, 3, 4
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Daniël 1
Fokusvers: Daniël 1: 8;
Sing Ps 110-3: 2, 3
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing Lied 305: 3, 4
Belydenisaflegging
Sing Ps 20-1: 2, 4, 5 (Mel Sb 18-6)
Oudl Orrie Oosthuizen namens ouers
Gebed
Liefdegawes
Sing Sb 3-4: 1, 2, 5
Seën;
Amenlied Sb13-2.

Liewe jongmense, ouers, brs en srs in die Here

Ons dien ŉ wonderlike en absolute heerlike God! In die taal van julle jongmense: Ons Here is “awesome” en “amazing”, nê? Ons het nie regtig woorde om die Here te beskryf nie! Sy liefde vir ons, sy sorg in ons lewe, die genade wat Hy aan ons betoon en sy onwrikbare getrouheid is so groot en ver en wyd en diep dat ŉ mens nie genoeg woorde het om dit te beskryf nie! Ons kan maar net uitroep: Die Here is waarlik God!

Want kyk net wat die Here aan julle 10 alles gedoen! Hy het julle as sy kinders gekies nog voor julle gebore is! En Hy het gesorg dat julle uit gelowige ouers gebore word sodat hierdie ouers julle van Hom kon leer en julle kon wys hoe julle hom moet dien! Die Here het met julle doop bevestig dat julle deel van sy kerk is en hy het julle deel van ŉ gemeente gemaak waar julle in die geloof opgevoed en versorg kon word. Die Here het vir julle gesorg van die dag van julle geboorte af! Hy het alles gegee wat julle nodig gehad het. Verstand, gesondheid en al die geleenthede wat ŉ mens kan begeer!

Maar, liewe jongmense, wat is die heel belangrikste geskenk wat die Here vir julle gegee het? Ja, julle geloof in Hom! Die Here Jesus het vir julle aan die kruis die gawe van geloof verkry en die Heilige Gees het hierdie geloof in julle harte bewerk! Onthou julle nog wat is julle “wedergeboorte”? Ja, die geestelike geboorte wat God deur sy Gees in jou hart bewerk het sodat jy vandag belydenis van jou geloof kan aflê.

Maar liewe jongmense, brs en srs, hierdie ware geloof wat ons van God ontvang het, is ook ŉ bewustelike keuse wat ons moet maak! ŉ Keuse vir die Here wat deur die wêreld getoets gaan word – dit kan jy maar weet! Maar ŉ keuse wat die Here vanmore belowe Hy jou in sal bewaar!
Die Here se boodskap vanmore vir julle is: Ware geloof is ook ŉ bewustelike keuse vir God wat verseker deur die wêreld getoets word maar net so seker deur God bewaar word.

Kom ons kyk dan na hierdie drie belangrike sake:

1. Geloof is ook ŉ bewustelike keuse vir God
2. Jou geloof gaan getoets word
3. Die Here belowe dat Hy jou in die geloof sal bewaar

Daniel en sy drie vriende was gelowige kinders – soos julle – wat in gelowige ouers en in die kerk van die Here groot geword het. Hulle is besny en het van kleins af die Here leer ken en die Here het ook – soos in julle harte – ware geloof as sy gawe gegee!

Maar toe hulle so ongeveer 15 jaar oud was, het daar ŉ verskriklike ding in hulle lewe gebeur! Die Here gee hulle volk en land in die hande van koning Nebukadneser van Babel. Kom ons probeer dit realisties voorstel: dit sou so wees asof die magtige China Suid-Afrika aanval en ons hele land oorneem, miljoene mense doodmaak – waarskynlik ook Daniel en sy vriende se ouers en families. Die kerkgeboue word afgebrand en die Chinese koning gee opdrag dat al die jongmense uit die ryk en geleerde families gevang moet word en na China geneem moet word.

So word Daniel en sy 3 maats ook gevang en na Babel geneem! En daar gee die koning opdrag dat hulle die taal van die Babiloniërs moet aanleer – dink nou: jy moet nou skielik die moeilike en vreemde Galdese taal leer en praat! Meer nog: jy kry ŉ Galdese naam en jy moet vir 3 jaar na ŉ Galdese staatsuniversiteit toe gaan sodat jy kan leer hom in die koning van Babel se staatsadministrasie te werk. En jy word gedwing om al die vreemde kosse van hierdie vreemde kultuur te eet!

Met ander woorde: op 15 jarige ouderdom word Daniel en sy vriende losgeruk van alles wat hulle ken en voor lief is, hulle word in ŉ vreemde land gedwing om alles te los wat hulle ken en hulle moet as't ware ŉ totale nuwe kultuur, taal en godsdiens aanleer! Wat 'n geweldige geloofstoets moes dit nie vir die kinders gewees het nie!!

Wat dink julle sou die meeste jongmense in so situasie gedoen het? Ek dink die meeste sou gesê het: Dit help nie om weerstand te bied nie! Ons is nou eenmaal hier en as ons hier wil oorleef dan moet ons maar doen wat hulle sê! As ons nie doen wat hulle sê nie, gaan ons dit vir onsself net baie moeiliker maak en dalk selfs doodgemaak word! Stem julle saam?

Maar dan lees ons in vers 8: Maar Daniel het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie! Letterlik staan daar: "Daniel het sy hart daarop gesit om hom nie van die koning se kos en wyn te eet nie! Hoekom nie? Daar was niks fout met die kos nie – dit was die beste kos en wyn wat jy in Babel kon kry – maar die probleem was: hierdie kos en wyn is aan die afgode van Babel opgedra wanneer dit bedien is! Dit is bedien asof uit die hande van die afgode! Net soos wat ons aan tafel bid dat die voedsel wat ons eet van God af kom – so is die afgode van Babel vereer met die eet daarvan.
Met ander woorde: deur die kos en wyn te eet moes jy erken dat jy hierdie afgode dien! En Daniel het geweier om dit te doen!

Liewe jongmense, sien julle wat Daniel hier doen? Hy doen ŉ praktiese geloofsbelydenis! As daar staan dat hy hom "voorgeneem het om hom nie met die kos van die koning te verontreinig nie" beteken dit dat hy besluit het dat hy in sy geloof aan God getrou gaan bly en dat Hy nie teen die Here se wil sal optree nie! Daniel staan by wat hy glo en wat hy van kleins af by sy ouers geleer het en waarin hyself ook vas glo! Hy sal nie buig voor die afgode van Babel nie!

En dit is wat julle ook vandag hier gaan doen! Julle bely julle geloof of in ander woorde: julle beloof, julle neem julle voor dat julle ook aan God getrou sal bly! Dat julle vir die Here kies!

Waarom kon Daniel dit doen? Waar het hy die insig en krag gekry om teen die hele stroom van Babel in te gaan en “nee” te sê? Want Daniel het van kleins af geleer dat God die enigste koning is! Dat dit God is wat oor hemel en aard een oor elkeen van ons se lewens regeer! God is in beheer van ons lewe en nie die koning van Babel nie! Daniel het sy vertroue in die Almagtige God van hemel en aarde gestel wat groter is as die konings van hierdie wêreld! Daniel het dit geweet en hy het vas daaraan geglo! Hy het geweet sy lewe is veilig in die hande van sy God en daarom het hy met vertroue opgetree!

En julle jongmense en ons almal weet en glo dit vandag nog sekerder! Want God het sy koningskap oor die wêreld aan ons kom bewys deur Jesus Christus! Jesus het gekom om ons te wys dat God waarlik koning is oor die hele wêreld en oor alle magte! Dit is waarom Jesus wonderwerke kon doen! Dit is waarom hy die Satan aan die kruis kon oorwin toe hy gesterf het vir ons sonde, maar ook opgestaan het uit die dood! Hy het gewys dat Hy en nie koning Herodus die wêreld regeer nie!

Hy het opgevaar na die hemel en daar sit hy aan die regterhand van die Vader en Hy regeer oor ons lewe en oor die hele wêreld! Ons lees in Fil. 2 die volgende oor Jesus:
[8]het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. [9]Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, [10]sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, [11]en elke tong sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader.”

Liewe jongmense: dit is die kern van julle belydenis vanmore: julle erken en buig voor die koningskap van Jesus Christus. Julle bely: Jesus Christus is my Here” en julle onderneem om Hom alleen te dien en Hom te gehoorsaam! Dit is die keuse wat julle vanmore uitoefen! Soos Daniel kies julle vir die Here op grond van die geloof wat God vir julle gegee het!

Maar, liewe jongmense, weet dat hierdie belydenis van julle, dat hierdie voorneme en hierdie keuse wat julle vandag voor die gemeente doen, dat dit ook soos Daniel en sy vriende se geloof getoets gaan word!

Ons het nou klaar gehoor hoe dit alreeds gebeur het toe hulle na Babel gebring was, maar dit was nie die einde nie. Nie lank na hierdie gebeure nie, het die koning Daniel se 3 vriende gedwing om voor ŉ beeld te buig en dit te aanbid! Hulle het geweier en is in ŉ vuuroond gegooi! ‘ Paar jaar later het vyande van Daniel planne gemaak om Hom dood te maak en die koning omgepraat om ŉ wet te maak wat Daniel verbied

om te bid. Daniel het hom nie aan die wet van die koning gesteur nie, en is in ŉ leeukuil gegooi!

Net so sal die wêreld jou keuse vir die Here toets! Hierdie belydenis wat julle vandag aflê sal getoets word. Deur julle vriende, deur versoekinge wat die Duiwel op julle pad sal bring, deur geleenthede wat dalk op jou pad gaan kom waar jy dalk iets moet doen wat nie volgens die wil van die Here is nie! Op universiteit of eendag in ŉ werk waar jy onder druk gaan kom om teen die Here te kies!
Wees dus voorbereid – julle sal sterk moet staan! Julle moet bid dat die Here julle die krag gee om soos Daniel, elke keer vir die Here te kies!

Maar wat het Daniel en sy vriende gebeur toe hulle geloof getoets is? God het hulle bewaar! Die oomblik toe Daniel vir die Here kies en aan die paleisbeampte vra om ander kos te kan eet, lees ons in vers 9: "God het die hoofpaleisbeampte gunstig en simpatiek gestem teenoor Daniël." God werk in ŉ ongelowige mens se hart! En dan lees ons in vers 15: "Ná tien dae het hulle mooier en gesonder daar uitgesien as die jongmanne wat van die koning se kos geëet het." Die Here het hulle keuse geseën.

En in vers 19: "Die koning het met hulle gepraat en hy het onder almal niemand gevind soos Daniël, Gananja, Misael en Asarja nie. Toe het hulle in diens van die koning getree. " Brs en srs, wanneer ons vir die Here kies vanuit die geloof wat Hy aan ons gegee het, dan kies die Here ook vir ons! Dan dra en bewaar Hy ons teen alle verwagtinge in. Al lyk iets ook hoe onmoontlik – die Here bring uitkoms!

Het Daniel se vriende gedink hulle gaan lewendig uit die vuuroond kom waarin hulle gegooi is? Nee, sekerlik nie! Maar God was saam met hulle daarin en Hy het hulle uit die vuur gered! Toe Daniel tussen honger leeus beland sluit God die leeus se bekke toe!

Liewe jongmense: dit is wat die Here vandag vir julle belowe! Hy sal julle in die geloof bewaar! Hy sal julle die krag gee en wanneer julle vir Hom kies –sal Hy julle bewaar! Hy sal jou help om selfs in die moeilikste omstandighede te bly staan – omdat jy vir Hom gekies het! Dit belowe die Here julle en daaraan kan julle vashou en daarop vertroue!

Die Here het dit vir Daniel gedoen vir sy hele lewe lank! Ons lees in vers 21 "Daniël het in diens van die paleis gebly tot die eerste regeringsjaar van koning Kores" Dit beteken Daniel in die vreemde land Babel, vir die res van sy lewe weg van alles wat hy geken en voor lief was, die Here getrou gedien het onder minstens 5 verskillende konings en tot hy ongeveer 80 jaar oud was!

Min het Daniel geweet dat sy beslissende keuse vir die Here op 15 jarige ouderdom, sy lewe so geweldig sou beïnvloed! Maar reeds toe al het hy geweet: Hy dien nie aardse konings nie! Hy staan nie onder die bevel van mense nie! Hy dien God – die

koning van hemel en aarde! Hy dien die enigste ware God wat hom nooit in die steek sou laat nie! En God het dit deur sy lewe bewys!

Dit is dié God wat ons in en deur Jesus Christus ook dien! Daarom liewe jongmense, kan julle vanmore met die grootste vrymoedigheid ook julle geloof kom bely – sodat julle saam met almal kan beleef dat God waarlik getrou is! Al word ons keuse vir die Here byna daagliks getoets – ons Here regeer oor ons lewe en Hy bly getrou. Jou lewe is nie in die hande van mense of aardse magte nie!

En saam met julle sal ons hom getrou dien totdat Hy weer terugkom na hierdie aarde en sy koningskap finaal sigbaar sal kom bevestig. Die Here Jesus – ons Koning - het beloof dat Hy weer kom. En wanneer Hy kom dan sal elke mens voor buig en erken: Jesus Christus is Koning tot in ewigheid! En dan gaan ons saam met Hom ‘n heerlike ewige lewe ontvang waar Hy in liefde en heerlikheid oor ons sal regeer!

Amen